Vrydag 11 Desember
Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9 (AFR83/AFR2020)

## God se genade is genoeg

Is die Here se genade werklik vir jou genoeg? Of het jy meer nodig? "As ek net kan gesond word; as daar net vir my finansiële uitkoms kan wees; as daar net nuwe leierskap in ons land kan kom." Kan jy aan nog dinge dink wat jy dalk sou kon voorhou om regtig gelukkig geseënd en begenadig te voel?

Hoe dikwels sê ons nie in tye van trauma van geliefdes dat ons nou sterk moet wees vir hulle nie. Waarom is dit dat ons dikwels slegs "sterk-wees" sien as waardevol, so asof dit 'n skande sou wees as ek wys dat ek swak is.

Paulus getuig hier uit sy eie lewe hoe die Here hom daaraan herinner het dat dit nie oor sy eie krag as mens gaan nie, maar wel oor God se krag! Veral belangrik is die werking van sy krag wanneer sy volgelinge erken dat hulle in hulleself swak is. Dit gaan dus nie hier net oor die gedagte van God se genade wat genoeg is en dat Hy kragtig is nie, maar die werking van daardie genade en krag in my.

Moet ons dan oordrewe swakheid nastreef? Nee, net eerlikheid. Paulus was eerlik oor die feit dat God homself op wonderbaarlike wyse aan Paulus openbaar het, en tog ontdek hy dat daar 'n doring is wat hom aan sy swakheid herinner. Paulus se redding het nie daarin gelê dat God die doring wegvat nie, maar juis daarin dat Hy eerlik is daaroor, en sien hoe God kragtig in Hom werk, ten spyte daarvan.

Mag God se genade werklik al wees waarna jy verlang. So beweeg die gedagte van sy krag na 'n kragtige werking binne jou.

*Sing: Psalm 38-1:1, 17*

*Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)*